



deur  
**N. H. THEUNISSEN**

**D**IE eerste liedjie wat ek vandeeweek wil behandel, is die alombekende, „Vat jou goed en trek.” Omtrent die oorsprong van hierdie lied bestaan daar net soveel gissings as oor die ontstaan van „Sarie Marais.” In my jong dae is my altyd vertel dat dit deur 'n sekere ou tante, Malonet, gekomponeer was. In die *Reisherrinneringen* van dr. H. P. N. Mulder wat die tydperk tussen 1850-90 bespreek, vertel hy dat die Boere 'n lied gesing het wat omtrent so gegaan het: „Pak jou goed by elkaar, Pereira,” en die veronderstelling is dus dat dit dan ook gedurende die Trek ontstaan het.

**VAT JOU GOED EN TREK**

*Vat jou goed en trek, Ferreira  
Vat jou goed en trek  
Agter die bos is 'n klompie perde  
(Oom) Jannie met die hoepelbeen.  
Swaar dra, al aan die eenkant swaar  
dra,  
Al aan die eenkant (swaar) dra  
Vat jou goed en trek.*

*Vat jou sweep en slaan jou perde.  
Agter die bult loop troppe perde.  
Vat die toom en vang die perde (ens.)*

In die oudste bekende vorm van hierdie liedjie, lui die refrein as volg:—

*Al aan die eenkant „swaar” dra.*

Die oorspronklike naam was dan

ook „Pereira” en nie „Ferreira” nie. 'n Gedeelte van hierdie lied kom voor in 'n ander fragment:—

*Slaan Poppie slaan  
En laat jou gedagte gaan  
Dat jy vir my kan se  
Hoe ver die liefde lê.  
Hand om die nek  
Soen op die bek,  
Vat jou goed en trek.*

Die volgende liedjies is ook nie heeltemal volledig nie:—

**ROKKIES WIL SY DRA,**

*Rooi rokkie wil sy dra,  
Maar niemand kyk daarna,  
En almal staan versla,  
Om sy die rokkie dra,  
Mamma se kindjie, goggabie,  
Goggabie, goggabie,  
Mamma se kindjie, goggabie,  
Mooi was sy maar lekker nie.  
Wit rok wil sy hê,  
En wit rok het sy nie,  
Lappie moet sy vat  
Om 'n rokkie van te maak.  
Jannie se mamma, goggabie,  
(Ens.).*

*Borsspeld wil sy hê,  
Borsspeld het sy nie,  
Hakspeld moet sy vat,  
Om borsspeld van te maak,  
Mamma se kindjie (ens.).*

En so is daar nog talle versies.

**VANAAND GAAN DIE NOOIEN-  
TJIES KORING SNY**  
*Vanaand gaan die nooientjies koring  
sny, koring sny,  
En vanaand gaan die nooientjies  
koring sny, koring sny,  
My geliefde hang in die bos,  
My geliefde hang in die bos,  
My geliefde hang in die bitter-bessie  
bos.*

In sommige gedeeltes gaan die nooientjies (of wel die boertjies) koring saai, en baie mense sing van die wag-'n-bietjie bos. Hierdie gedig is ook baie deur die kleurlingvolk gesing en hulle sing natuurlik „volkies” i.p.v. nooientjies.

Dr. S. J. du Toit gee 'n voorbeeld van die manier waarop mense liedere kan verbrou. In Suidwes-Afrika het hulle „Vanaand gaan die Nooientjies,” met „Aai Aai die Witborskraai,” verwar. Die beginreël deur hulle gebruik, is as volg:

„Vanaand gaan die kraaie mosselbaai.”

Langenhoven het die lied as volg vorgegied:

*Daar onder groei 'n aandelblom,  
In die vlei, in die vlei,  
En wie sal hom tog  
Kry vir my, kry vir my?  
My geliefde laat my los,  
Gaan eers soek daar in die bos,  
Waar die aandelblom daar groei,  
In die wag-'n-bietjie bos,*

*In die wag-'n-bietjie-bos,  
In die vlei, in die vlei,  
In die donker soek 'n seun,  
'n blom vir, blom vir my—  
My geliefde hang in die bos,  
Nooit as nimmer kom hy los.  
Wag 'n-bietjie, wag 'n-bietjie,  
In die wag-'n-bietjie-bos,*

**DAAR KOM DIE WA.**

*Daar kom die wa,  
Die vierperde-wa,  
Hy het nie naam nie,  
Sy naam moet hy nog kry.*

**REFREIN:**

*Tant Lientjie swaai, stadig draai,  
Daar onder in die baai,  
Tant Lientjie swaai, stadig draai,  
Daar onder in die baai.*

*Daar kom sy aan  
Met die vierperde-wa,  
Sy het nie naam nie,  
Haar naam sal sy nog kry,*

**REFREIN:**

*Alleentjies draai, liefies swaai,  
Alleentjies draai, suggies swaai,*

*Daar onder om die draai,  
Daar onder om die draai*

Hier is 'n variant:

*Daar kom die wa,  
'n Vier-perde wa,  
Donker het nie oë nie,  
Oë nie, o ja.  
Vat die nooientjie  
Styf om die lyf,  
Styf om die lyf, o ja,  
Vat jou liefjie,  
Styf om die lyf,  
Styf om die lyf, o ja.*

Hierdie liedjie is ook deur Langenhoven herdig:

*Daar kom die wa,  
Die vierperde-wa,  
Hy kan nie hou nie,  
Hy's glad te swaar gelaai,  
(Vervolg op bladsy 28)*

## Ons Volksliedjies

(Vervolg van bladsy 19)

*Hokaai, hokaai, by die draai,  
Een om af te laai,  
Hokaai, hokaai, breek aandraai,  
Stilhou by die draai.*

*Af klim die nooi,  
Die uitgesoekte nooi,  
Sy het nie baas nie,  
Dis tyd dat sy een kry.  
Dit pas 'n baas op 'n plaas,  
Om 'n nooi te kry.  
Ek het 'n nooi,  
God en mooi,  
En sy is baas oor my.*

Albei bogenoemde liedjies deur Langenhoven is in die F.A.K.-bundel te vinde. Die ou wysies is vir die nuwe woorde deur S. H. Eysen aangepas.

(Word vervolg.)